Geagte Ouers

INSKRYWING 2011 – FLEDGLINGS / GRAAD R

1. Dit is vir ons 'n voorreg om die Inskrywingspakket, vir toelating tot ons skool, aan u beskikbaar te stel. Druk al die betrokke dokumente (Toelatingsvorm, Debietordervorm, Finansiële onderneming en Vertroulike Inligting omtrent u Kind) uit. Voltooi, teken en heg al die nodige dokumente aan, en stuur dit na die Pre-Primêre Skook Kenridge. Toelating sal slegs oorweeg word, sodra alle betrokke dokumente voltooi, geteken en ontvang is (and subject to vacancies and approval).

2. Die voltooide Inskrywingspakket moet ons nie later as Woensdag, 11 Augustus 2010 bereik nie. Indien ons nie in staat sou wees om alle leerders binne die voederarea te akkommodeer nie, sal die datum van die aansoek in ag geneem word. Moet dus nie wag tot die sluitingsdatum nie. Na hierdie datum word u kind se naam op 'n waglys geplaas. Indien u kind in ons skool aanvaar word, sal u skriftelik daarvan verwittig word, voor/op Vrydag, 17 September 2010.

3. Sou u buite die skool se grensgebied woon, sal u aansoek op 'n waglys geplaas word. Toelating is dan onderhewig aan 'n plek in die onderskeie klasse. Hierdie gebiede is **Kenridge, Durbell, Durbanville Heuwels, De Bron, Doordekraal, Welgemoed-Noord, Proteavallei, Kanonberg, Welgedacht, Van Riebeeckshof** en **Oude Westhof**. Leerders op die waglys sal teen Woensdag, 13 Oktober 2010 in kennis gestel word van aanvaarding in ons skool..

4. **Finansiële Verpligting**:

4.1 **Intreefooi (nie terugbetaalbaar)**: 'n Eenmalige (nie terugbetaalbare) intreefooi van R500 per kind. **Neem asseblief kennis dat die intreefooi nie nodig is as u kind alreeds by die skool (Fledglings/Graad R) is nie.**

4.2 **Fledglings & Graad R Heffing (Basiese Verpligte Heffing)**: Die Fledglings & Graad R heffing word jaarliks deur die Trustees bepaal. Tans (2010) beloop die heffings vir Fledglings R9 820 per leerder per jaar en R11 970 vir Graad R per leerder per jaar. Hierdie heffings is oor 'n 10 maande periode per aftrekorder betaalbaar (1 Februarie – 1 November). Indien u die volle bedrag teen Vrydag, 04 Februarie 2011 betaal, kan u aanspraak maak op 'n korting. Heffings vir 2011 sal op 'n begrotingsvergadering later vanjaar, hersien word.

5. Indien u aansoek goedgekeur word, sal u kind uitgenooi word om 'n Oriëntasiedag by ons skool by te woon. Hierdie geleentheid vind plaas op Vrydag, 05 November 2010. 'n Kort vergadering sal om 09:00 in die Skoolsaal plaasvind om die Keuse van buitemuurse aktiwiteite en Koste vorms te bespreek.

Ons vertrou dat u kind se leerervaring by Kenridge gelukkig en opvoedkundig stimulerend sal wees. Indien u ooit sake rakende u kind met ons wil bespreek, sal ons u met graagte ontvang.

Die uwe

G.V. Albrecht
Skoolhoof
Laerskool Kenridge

M. Alexander
Hoof – Pre-Primêre Skool Kenridge